Hoogtepunte: Helena Hettema (musiek en sangloopbaan)

Helena Hettema, kabaret-en stemkunstenaar en liedjieskrywer wat matrikuleer met onderskeidings in Engels en Afrikaans by Pretoria High School for Girls, het ‘n BA-Drama-graad op Tukkies verwerf.

Sy word gekies uit drama studente landwyd om vir Truk (Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste) (**1984**) te werk en op te tree in die Staatsteater in Pretoria, na haar BA Drama by die Universiteit van Pretoria. Sy vertolk die rol van Lyndall in “Story of an African Farm” en Lady Macbeth vir Pact Playwork wat vir Matric leerlinge aangebied is. Later speel sy vir EAPAC (Eersterust Performing Arts) en vertolk die rol van Gertrude in Hamlet en “Of Mice and Men” albei onder die regie van Anthony Wilson.

By Truk werk sy onder die regie van bekendes soos Alwyn Swart, Billy Egan en Dieter Reible en saam met beroemde spelers soos Cobus Rossouw, Elize Cawood en Eric Nobbs.

Later as vryskutkunstenaar werk sy met Kate Normington en Clive Scott in “Pirates of Penzance” (Johannesburg Civic Theatre) (**1986**) en speel in “Sunrise City” in die Market Theatre, Jhb) met choreografie deur Robyn Orlin, wat nou in Londen werk (**1988**).

As jong speler (**1986**) vars uit Truk speel sy saam met Brumhilde van Rensburg, Elize Cawood en Greta Fox in “Arme Moordenaar” onder regie van Stefan Bouwer. Helena het ook cameo-rolle vertok in “Agter elke Man” met Steve Hofmeyr en in die Engels/Zulu reeks “In the Name of Love”.

Hoogtepunte in haar vryskutloopbaan:

In **1987** vorm sy die groep “**Triple Fair**” met Lizanne Barnard van Marimba-faam en Evan Schoombie.

Speel in “Victorian Songbook” onder leiding van Doug Thistlewhite met onder andere Shireen Hollier (**1989**) in Pretoria, Johannesburg en Port Elizabeth.

1989 –Word lid van Anton Goosen se Kommissie van Ondersoek (ook met Lucas Maree en Karlien van Niekerk) en sing die solonommer, *‘n Stadige Hand* op *Winde van Verandering*, die groep se plaat (nou ook op CD beskikbaar). (Houtstok en Jakarandafees) vir gehoor van +-25 000)

1990 - Sing die temalied vir TV-reeks, “Dot en Kie”

1991- Neem sy deel aan “ For Folks Sake “ saam met die Silver Creek Mountain Band, by die Staatsteater in Pretoria, onder andere as verteller. Die Citizen koerant skryf ,“She is a hot-blooded Joni Mitchell”.

In **1992** is sy deel van die drieman-stuk, “ Neem Kennis “, saam met Danie Niehaus en Ilse Roos, onder regie van Laurika Rauch, in die Staatsteater van Pretoria.

In **1992** -Sing sy die temalied van die TV-reeks, Sonkring en skryf ook die lirieke.

Tree op saam met die Kaapstadse Simfonieorkes in **199**2 en **1993** met die musiek van Brel en Piaf in Frans in die Symphonic Pops-reeks.

1993-Vertolk rol van Alma Mahler teenoor wyle Jonathan Rands (van “Jock of the Bushveld”-faam) en met Jana Cilliers as die muse, in die driemanstuk “Kindertotenlieder” oor die lewe van Gustav Mahler. die Roodepoort Civicteater. Ook onder die leiding van Weiss Doubell as dirigent en Marita Napier, die bekende operasangeres. Die regie is onder Mario Schiess (bekend vir sy regie van “Report to an Academy” met Marius Weyers.)

Skryf ‘n satiriese lied oor die politieke partye op aanvraag deur SABC 2. (**1993**)

Sy stig die groep “Golden Fleece” in **1993**, saam met haar pianis Alwyn van Heerden, op baskitaar Lindsey Liebenberg en Hennie van Jaarsveld kitaar. Hulle is deel van haar eerste CD “ **Fools Gold** “, vrygestel deur JNS, en word uitgenooi na Harare, Zimbabwe deur die SA Ambasade en by feeste landwyd.

Die CD het gunstige kritiek uitgelok in Beeld met vyf sterre. **SABC 2 maak twee videos van Helena se oorspronklike liedjies:“Fools’ Gold” wat handel oor die armoede in die strate van Johannesburg en “Touch of Green” Helena se Sotho, Zoeloe, Afrikaans en Engels oor die verval van die ekosisteem.**

In **1996** tree sy op by die Il Frigo Fees in Bologna,Italie en in **1997** by kabaretlokale in Londen en by Suid-Afrika Huis, Trafalgarplein op uitnodiging van die SA Ambassade.

In **1997** volg die 2de CD, “**Jasmine Lament**” met baie van haar eie liedjies en met log ontvang. Versprei deur JNS.

In 1998, *Helena Hettema Highlights word vrygestel* - genomineer vir n SAMA Toekenning in die afdeling Beste Afrikaanse Kontemporere CD. Bevat 12 van Helena se eie liedjies wat handel oor sosiale kwessies soos armoede, die ekosisteem en “yuppies”, onder andere versprei deur Music for Africa.

“Een van ons beste sangeresse” *Rapport*

“Sny dieper as die vel” – Martjie Roos - *Beeld*

In Julie **2000** is “ ***Dreaming”***, haar vierde CD vrygestel. Beeld nomineer die CD as die vierde beste van die jaar. Sy sing ‘n paar nommers saam met die Magaliesberg Kinderkoor onder leiding van

haar gevierde pianis, Alwyn van Heerden. Versprei deur SMD – Select Music Distribution.

Haar produksie, ***The Bridge*** debuteer by die Karoofees 2001– pianis Alwyn van Heerden, Op aanvraag vroeg in **2002** op CD beskikbaar, haar vyfde. Versprei deur SMD.

Hierdie produksie word genomineer vir twee **FNB-Vita Toekennings – "Best Performance in Musical Theatre Revue" en "Best Musical Revue Production" en in 2000 en 2001 ook genomineer vir twee Vita Toekennings vir haar produksie, "The Legends and a Touch of Me".**

Helena en pianis, Alwyn van Heerden tree op in Londen, Holland en Belgie (**2001**) op uitnodiging van Ukkasie en die Zuid-Afrikaansche-Vlaamsche Instituut (**2001**).

In **2004** word haar sesde CD "**Divided Heart**" vrygestel en deur kritici met lof ontvang. Sy **ontvang die Geraas/SABC 2 Beste Vroulike Kunstenaar.**

Vonk 2de Beste album van die jaar (2005) (naas Laurika)

"The Herald Showtime Award solo artist" van die "Herald" koerant in Port Elizabeth vir die optrede van "Divided Heart" in die PE Operahuis – ander genomineerdes was Rory Rootenberg, Daniel Pascal en Rocco de Villiers onder andere.

Dit is 'n eg Suid-Afrikaanse CD met vyf van Helena se eie liedjies en oorspronklike materiaal van vooraanstaande plaaslike sangers/liedjieskrywersl – (Mel Botes, Anton Goosen, Marelise Scheepers) Beeld.

"Hettema het werklik 'n unieke stem…Dit is een van daai min Afrikaanse albums wat 'local' musiek vorentoe vat. Hierdie CD werklik ver bo die res …laat uitstyg …is die produksie en musikale

versorging…ongelooflik …uniek…iets anders. Liedjies wat Hettema self geskryf het …die hardste praat." **** (Wikus du Toit – Popmusiek –*Rapport Tydskrif* – 12 September 2004).

"South Africa has its own folk poet in the form of singer/songerwriter, Helena Hettema." **** (Christina Kennedy – *Citizen* – 21 June 2004)

"Met haar eie musiek en lirieke dat sy die meeste beïndruk" ****(Mariana Malan –*Die Burger*- April 2004 en Beeld Julie 2004) An enchanting album…has honed her songwriting skills." (Diane de Beer – *Pretoria* N*ews* – 28 April, 2004)

2005 -Genomineer vir die **Huisgenoot Skouspel Tempo- toekenning** - een van die top tien divas in die land (oa Sibongile, Laurika, Anna Davel).

Desember **2005** genooi deur Afspraak Afrikaans radiostasie om in Nieu-Seeland om as hoofkunstenaar by die "Potstokfees" op te tree in Napier, Hamilton en Christchurch.

2006 - Stel "**Divas Divine**"(versprei deur SMD) haar sewende CD vry Debuut van vertoning met dieselfde naam by Nasionale Kunstefees, Grahamstad is die lof toegeswaai deur *Cue*, die feeskoerant:

"*Divas Divine – Inside Out is a classic vocal exhibition that can easily be voted the best performance of the Festival* **"– July 2005.**

Sy tree saam met die wyle Andre Wessels, haar pianis op by die Liberty Theatre on the Square, Sandton, Jhb met "Divas Divine". "And boy can she sing. Hettema has a voice that ranges from crushed silk to wet gravel and she uses it with sensitivity and skill. It was a stirring performance…great opportunity to see one of South Africa's finest performers in action." Peter van der Merwe **– *Pretoria News***

2007 -Laureaattoekenning van haar alma mater, Universiteit van Pretoria vir bydrae tot die kunste.

2008 -Stel haar gewilde dubbele Franse album vry – **Spirit of Piaf and other great French Legends** – Sony BMG. Met 25 musikante onder andere, Evert Snyman en die Soweto String Quartet. Van die stemwerk is opgeneem by die beroemde Amerikaanse Shaun Phillips se ateljee in Port Elizabeth.

"Helena is one of SA's most accomplished cabaret artists …album can be commended for its superb quality of finest musicianship. Her Piaf playfully included a SA feel as the Soweto String Quartet adds a delightful Kwela twist…" *Classic Feel* – Spirit of Piaf and other French Legends.
" Haar vertolkings van die musiek van Piaf en Brel is amper legendaries. Sy is een van die "glossy by-products of the cabaret circuit" – Rooi Rose.

2009 – Sing duet met Thean Kotze en open die **Huisgenoot Skouspel** by Sun City vir Senwes.

2010 – Stel CD en DVD – **"Helena Hettema Alive**" vry (Helena Hettema Productions) met pianis Andre Wessels en Nippy Cripwell op basviool by die Centurionteater, Pretoria. Dit word vir 'n haar tweede **SAMA** genomineer.

2011 – Word genooi om in die Cadogan Hall, Londen op te tree met pianis Elna van der Merwe en pianis/orrelis, Zorada Temmingh in die produksie, "Three Blondes out of Africa".

2012- CD –"**Rooiwynliefde"** – vrygestel by die Atterbury Theatre met pianis Andre Wessels, Mauritz Lotz, kitaar en David Jooste op "keyboards". Bevat nege van Helena se eie liedjies asook liedjieskrywers soos Eugene Vermaak, Karen Zoid en Philip Nel en Bruno Andries in Engels, Afrikaans.

Bevat ook toonsettings van die groot digters soos Eugene Marais, Toon van den Heever en I D du Plessis.

Verprei deur SMD en later Helena Hettema Productions. “Quasi Blu” (Engels/Italiaans) en “Sonkring Cercle Solaire”– Frans/Afrikaans word radiotreffers.

2013 – Word genooi na die Nederlands/Afrikaanse Fees (Het Nederlandse fees voor Afrikaans) in Den Haag – Emo Adams en Dawid Kramer ook gaste, onder andere.
Helena verskyn op die CD “ **Homage to Madiba**” n CD in verskeie tale, met die liedjie “ **Viva Madiba**”, geskryf deur Anton Goosen en onder andere in Portugees gesing deur Manuel Escorsio, in Afrikaans deur Anton, Zulu deur Dozi, Sotho deur Rebecca Molope en in Frans deur Helena.

2014 – Helena neem op CD,“**Woord-Engel**” - lirieke -Azette Wiesner en musiek Lieze Stassen - vrygestel in die Atterbury Teater, Pretoria.

2015 – Verskyn op **7de Laan** op uitnodiging – met “Rooiwynliefde” liedjie en “Non, je ne regrette rien” as gaskunstenaar in die “Klub”. Tree op in Madagascar op uitnodiging van SA Ambassade in Antananarivo.
2016 – tree op in Harare, Zimbabwe by “The Venue”

2016 /2017– neem tans op - **3-album CD (haar 13de CD**) ter viering van 21 jaar plus sedert eerste CD “Fools’ Gold” vrygestel is (1995) - nuwe materiaal sowel asook ouer material waarvan sommige liedjies nuwe verwerkings ontvang. Vrystelling in Sept 2017 in Atterbury Theatre en werk ook tans aan ‘n digbundel in Engels en Afrikaans (met kunsfoto’s).

Daarna voer sy radio-onderhoude en verskyn op TV programme soos “ Groot Ontbyt” en “Ontbytsake” en “Onder die Kersboom”.

Haar jongste video “Skadudans” is deur Vonk vervaardig en verskyn op KykNet.

Hoogtepunte van 208 is onder andere, die Aardklopfees in Potchefstromm met die aanbieding van “Helena Hettema 21 +”, met kunstenaars soos pianis Marelize Koch en Con Grazia. Sy was ook deel van Kersfees Skouspel in die Sun Arena, Pretoria met onder andere kunstenaars soos Anna Davel, Amanda Strydom, Helene Bester en Jannie Moolman voor ‘n stampvol gehoor van 8 500.

Die Sonkring TV-reeks se temalied , waarvoor Helena die lirieke geskryf het en gesing het, sowel as die Zoeloe/Engelse reeks, “In the Name of Love”(waarin Helena verskyn het) - albei van die ‘90s - word albeir op die SABC Timeless/Encore reeks aangebied (2018/2019).

Sy het in die volgende lande opgetree: Zimbabwe, Botswana, Londen, België, Nederland, Italié, Nieu-Seëland, Madagascar en Turkye.

Sy sing in Afrikaans, Engels, Nederlands, Vlaams, Frans en Italiaans.

www.helenahettema.com
helenahettema@telkomsa.net/ jhettema@absamail.co.za/ 083-495-3161